# DIE ROL VAN DIE EERSTE SUID-AFRIKAANSE INFANTERIEDIVISIE TYDENS DIE EERSTE SLAG VAN EL ALAMEIN, 1-30 JULIE 1942

**C.J. Jacobs en G. Pool**[1]
*Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600*

**The role of the First South African Infantry Division in the first Battle of El Alamein, 1-30 July 1942**

The First Battle of El Alamein (1-30 July 1942) was the turning-point in the course of the Second World War in North Africa. Under the command of Gen. C.J.E. Auchinleck, the British Eighth Army finally succeeded in halting the advance of Erwin Rommel, the able German general, to the Suez Canal. Through drastically changing the British battle strategy, Auchinleck prepared the way for Gen. B.L. (Monty) Montgomery's later triumph at the Second Battle of El Alamein in October 1942. Auchinleck's July success was due in no small manner to the stubborn resistance of the Fifth Indian Division, the First South African Division and the Ninth Australian Division. This prevented Rommel from breaking through the Eighth Army's positions between Ruweisat Ridge and the Mediterranean Sea. These battles also emphasized the leadership quality of Gen. Dan Pienaar and his fellow South African officers.

Die Eerste Slag van El Alamein (1-30 Julie 1942) was die keerpunt in die verloop van die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika. Onder genl. C.J.E. Auchinleck se bevel het die Britse Agste Leër finaal daarin geslaag om die vermaarde Duitse genl. Erwin Rommel se opmars na die Suezkanaal te stuit. Deur die Britse krygstrategie ingrypend te verander het Auchinleck die weg voorberei vir genl. B.L. (Monty) Montgomery se latere sege tydens die Tweede Slag van El Alamein in Oktober 1942. Auchinleck se sukses in Julie was in geen geringe mate nie te danke aan die hardnekkige weerstand van die Vyfde Indiese Divisie, die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie en die Negende Australiese Divisie. Hulle het verhoed dat Rommel tussen die Ruweisat-rif en die Middellandse See deur die Agste Leër se stellings breek. Hierdie gevegte het die leierskapkwaliteit van genl. Dan Pienaar en sy mede-Suid-Afrikaanse offisiere opnuut onderstreep.


## Agtergrond

Suid-Afrikaanse oudgediendes herdenk jaarliks in Oktober saam met oorlogsveterane oor die wêreld heen die Slag van El Alamein. Dié bekende slag wat op 23 Oktober 1942 begin het, was die begin van 'n triomfantlike opmars van die Britse Agste Leër, waartydens die Spilmagte uiteindelik uit Noord-Afrika verdryf is. Gedurende 1942 het daar egter ook nog twee ander, minder bekende, veldslae in die omgewing van El Alamein plaasgevind waarin die Suid-Afrikaanse magte 'n rol gespeel het. Dit was die sogenaamde Eerste Slag van El Alamein (1 tot 30 Julie) en die Slag van Alam Halfa (31 Augustus tot 7 September).

Die Unie van Suid-Afrika het op 6 September 1939 tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree. Danksy veldmaarskalk J.C. Smuts, destydse Eerste Minister, Minister van Verdediging en Opperbevelvoerder van die Unieverdedigingsmag, was die Suid-Afrikaanse magte feitlik uit die staanspoor by die Geallieerde oorlogspoging in die Midde-Ooste betrokke.[2]


Smuts het besef dat die Geallieerdes nie na die Europese vasteland sou kon terugkeer voordat die Spilmagte uit Noord-Afrika verdryf is nie.[3] So lank hulle daar

1. C.J. Jacobs (M.A., U.S., 1988) en G. Pool (D.Phil. U.S., 1980).
2. B.J. Liebenberg, 'Smuts aan bewind, 1939-1948', *in* C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, 1984), pp. 452-453.
3. W.K. Hancock, *Smuts II: The fields of force, 1919-1950* (Cambridge, 1968), pp. 366-367.




Uit: I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East, Vol. III,* Kaart no. 1.

## ORGANISASIE VAN DIE BRITSE 8 LEëR, 1 JULIE 1942




Saamgestel uit *Purnell's History of the Second World War*, No. 7, 3/6 1967, p. 1068
(E. Dorman O'Gowan : 1st Alamein - The Battle that saved Cairo).

was, het hulle die olievelde aan die Persiese Golf bedreig - olie waarsonder die Britse Ryk se oorlogspoging kwalik kon klaarkom. Beheer oor Egipte was vir die Britse magte van kardinale belang want daar was hulle geografies in 'n posisie om offensief teen die swakker bondgenoot in die Spilmagalliansie, Italië, op te tree, sodra genoeg magte beskikbaar was.[4] Gevolglik het die Eerste en Tweede Suid-Afrikaanse Infanteriedivisies en kontingente van die Suid-Afrikaanse Lugmag en Vloot, onder Britse bevel, vanaf 1941 aan operasies in dié gebied deelgeneem.[5]

Die Eerste Slag van El Alamein het 'n oorgangsfase vir die Britse magte in Egipte verteenwoordig. Die voorafgaande tydperk, d.w.s. vandat die oorlog op 10 Junie 1940 na Noord-Afrika uitgekring het tot die Agste Leër teen die einde van Junie 1942 na El Alamein teruggetrek het, is gekenmerk deur die onvermoë van die Britse aanvoerders om 'n doeltreffende strategie teen die krygsleiding van die legendariese Duitse generaal Erwin Rommel te vind. Tydens die Eerste Slag van El Alamein het die Britse aanvoerder, genl. C.J.E. Auchinleck, egter daarin geslaag om Rommel te stuit totdat die Britse magte sterk genoeg was om hom finaal van El Alamein terug te dryf. Hierdie veldslag was dus inderdaad die begin van Rommel se aftog in Noord-Afrika.

Die Britse Agste Leër het van 1 tot 13 Julie 1942, die dag waarop Rommel se voorlaaste poging om na Alexandrië deur te breek afgeweer is, grotendeels defensief opgetree. Daarna het Auchinleck se mag drie pogings aangewend om deur die Spilmagte se linies te breek en Rommel se *Panzerarmee Afrika* te vernietig. Die pogings het egter misluk omdat die Britse magte sekere strukturele probleme ondervind het. Auchinleck het wel 'n antwoord gevind om Rommel te stuit, maar nie hoe om sy magte sodanig te verswak dat hulle verplig sou wees om terug te val nie. Dié eer sou sy opvolger, die beroemde genl. B.L. Montgomery oftewel "Monty", soos hy alom bekend geword het, te beurt val tydens die Tweede Slag van El Alamein.

Teen Augustus was die Britse magte weens hulle aanvalle van die vorige maand uitgeput en Rommel het 'n finale poging aangewend om deur die Britse verdedigingslinie te breek. Dit het gelei tot die Slag van Alam Halfa, waarin Auchinleck se strategie van die eerste gedeelte van Julie met welslae deur Montgomery toegepas is. Anders as Auchinleck, het Montgomery genoeg tyd en versterkings tot sy beskikking gehad om die nodige strukturele aanpassings in die Agste Leër te maak en die aanvalstrategie te wysig. Hierdie aanpassings het die groot Britse oorwinning by El Alamein gedurende Oktober tot November 1942 moontlik gemaak.


Historici oorbeklemtoon dikwels die belangrikheid van die Tweede Slag van El Alamein ten koste van die Eerste. Omdat die Suid-Afrikaners tydens die Eerste Slag 'n belangriker rol gespeel het, word hulle aandeel in die stryd in Noord-Afrika dus dikwels nie na waarde geskat nie. Die Suid-Afrikaners se optredes moet noodwendig binne die breër raamwerk van die gevegsontwerp van die Britse Agste Leër bespreek word. Gevolglik word hoofsaaklik op die aktiwiteite van die Britse 30ste Korps gekonsentreer onder wie se bevel die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie geval het.

**Die opponerende magte en die gevegsterrein**


Die Britse magte in die Midde-Ooste was verantwoordelik vir die verdediging van Egipte, Palestina, Trans-Jordanië, Sirië, Irak en Persië (Iran). Hulle moes dus twee fronte dek. In Egipte moes Auchinleck as bevelvoerende generaal van al die Britse magte in die Midde-Ooste, Rommel se opmars na die Nyldelta stuit. Terselfdertyd moes die olievelde aan die Persiese Golf teen 'n moontlike Duitse opruk uit Rusland (via Kaukasië) beveilig word.[6] Laasgenoemde magte kon eers in Egipte benut word toe dit duidelik geword het dat die Sowjetleërs die Duitse opmars gestuit het.[7]

---

4. M. Howard, *The Mediterranean strategy in the Second World War* (Londen, 1966), pp. 7-8.
5. W.K. Hancock, *Smuts II*, pp. 366-367.
6. P. Calvocoressi en G. Wint, *Total War I: The war in the west* (New York, 1973), pp. 397-398.
7. Kyk kaart op p. 32.




Uit: J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *Crisis in the Desert,* teenoor p. 275.




Uit: P. Young (red.), *Atlas of the Second World War,* p. 47

Vir die Britse magte in Noord-Afrika was die prentjie teen Julie 1942 donker. Die Agste Leër het die Gazalalinie op 14 Junie begin ontruim en op 21 Junie moes die Tobroek-garnisoen oorgee met die verlies van 33 000 man en 'n groot hoeveelheid uitrusting. Aanvanklik sou daar by Mersa Matruh slag gebied word, maar omdat die dorp maklik aan die suidekant omvleuel kon word, het genl. Auchinleck slegs op 'n vertragingsgeveg besluit, sodat sy troepe ooswaarts na El Alamein kon terugval.[8] Rommel se magte het egter op 26 Junie daarin geslaag om die Britse Tiende Korps te omsingel. Hoewel sy troepe te swak was om te verhoed dat die Britse magte uitbreek, het die Duitsers nogtans 6 000 Britte krygsgevangene geneem.[9] Die vraag was toe of die verslae en gedemoraliseerde Agste Leër Rommel sou kon stuit voordat die Spilmagte die hawe van Alexandrië en die Suezkanaal bereik.

Die Britse opperbevel in die Midde-Ooste het reeds in 1941 voorlopig besluit dat die El Alamein- Bab el Qattara - Nagb Abu Dweis-lyn die laaste verdedigingslinie voor die Nyldelta sou wees.[10] Na 'n deeglike terreinondersoek het Auchinleck op 22 Junie 1942 finaal besluit om by El Alamein met die Agste Leër slag te bied.[11]

Die El Alamein-linie, waarna die verswakte Agste Leër teruggeval het, was nie veel meer as 'n lyn op die kaart nie. Dit was in skrille kontras met die valse indruk wat die BBC en die Britse pers by die publiek geskep het. Die Agste Leër sou kwansuis by El Alamein teruggeval het na 'n feitlik ondeurdringbare netwerk van loopgrawe, bunkers en mynvelde wat vanaf die Qattara-laagland tot by die see gestrek het![12]

Die El Alamein-linie is in twee korps-sektore ingedeel met die Britse 30ste Korps in die noorde en die 13de Korps in die suide.[13] Die noordelike punt van die linie was ongeveer 160 kilometer wes van Alexandrië teen die Middellandse See by die El Alamein-stasie geleë.[14] Die sg. El Alamein-vesting was 'n divisiebasis wat gedurende 1941 deur die Tweede Suid-Afrikaanse Divisie rondom die stasie ingerig is. In daardie stadium was dit in 'n verwaarloosde toestand.[15] Die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie was reeds aldaar in 'n suidoostelike rigting tot teen die noordelike hang van die Ruweisat-rif ontplooi.[16]

Op die westelike deel van die Ruweisat-rif by Deir El Shein, is die 18de Indiese Brigade wat pas uit Irak aangekom het, in haastig ingerigte verdedigingstellings geplaas. Hiervandaan moes hulle voorlopig 'n gaping van 12 kilometer dek wat tussen die linkerflank van die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie en die regterflank van die Britse 13de Korps bestaan het. Die Eerste Britse Pantserdivisie sou na hul aankoms vanaf Mersa Matruh op die oostelike deel van die rif stelling inneem en hierdie gaping vul.

Oos van die Ruweisat-rif het genl. Auchinleck die Agste Leër se taktiese hoofkwartier in die omgewing van die Alam el Halfa-rif ingerig. Verder oos het die Britse Tiende Korps verdedigingstellings in die omgewing van die Nyldelta voorberei met formasies soos die 50ste Britse en Tiende Indiese Divisies, wat by Mersa Matruh swaar verliese gely het.

Die Britse 13de Korps het die gebied suid van die Ruweisat-rif tot teen die Qattara-laagland verdedig. Dié korps het bestaan uit die Tweede Nieu-Seelandse Divisie by Deir el Munassib met sy Sesde Brigade by Bab el Qattara, die Vyfde Indiese Divisiehoofkwartier en die Negende Indiese Brigade by Nagb Abu Dweis, asook die Sewende Britse Pantserdivisie, wat nog op pad was na El Alamein.[17]

---

8. *London Gazette,* 15-1-1948, Supplement, p. 328 (Gen. Sir Claude J.E. Auchinleck: Despatch to the Secretary of State for War on 27th January 1943).
9. B.H. Liddell Hart, *History of the Second World War* (Londen, 1974), pp. 290-291.
10. Kyk kaarte op pp. 35 en 36 .
11. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III* (Londen, 1960), p. 332.
12. C. Barnett, *The desert generals* (Londen, 1983), p. 195.
13. Kyk diagram op p. 33.
14. Kyk kaart op p. 35.
15. J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *Crisis in the Desert* (Londen, 1952), p. 271.
16. J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *Crisis in the Desert,* p. 271.
17. E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The battle that saved Cairo', *Purnell's history of the Second World War* (3/6), 1967, p. 1062.

Die Qattara-laagland is ongeveer 60 kilometer suidwes van El Alamein. Dit lê, by benadering, 130 meter benede seevlak en beslaan ongeveer 11 200 vk. kilometer.[18] Die oppervlakte van hierdie laagland bestaan grotendeels uit soutpanne en sagte sand wat so ontoeganklik is dat selfs nie eens kamele wat vrag dra, daarop kan beweeg nie.[19] Suid van die laagland strek die Sahara-sandwoestyn wat byna ewe ontoeganklik vir pantser- en motorvoertuie is.[20]

Rommel se enigste hoop was dus om sy magte deur die nou gaping tussen die Middellandse See en die Qattara-laagland te laat breek, voordat die Britse magte tot verhaal kom.[21] Die Britte se voortdurende terugslae teen Rommel, ondersterkte formasies en die swak ontwikkelde verdedigingstellings het daarop gedui dat die Spilmagte nie veel moeite sou ondervind om deur die Agste Leër se stellings te breek nie. Rommel se strategie was egter 'n waagstuk. Hy het nie voldoende militêre slaankrag gehad vir die taak voor hande nie. Hy het slegs oor ongeveer 55 Duitse tenks, 2 000 infanterie en kanonne beskik, terwyl die Italiaanse magte 30 verouderde tenks, 5 500 infanterie en 200 kanonne sterk was.[22] Daarby het sy logistieke probleme meegebring dat die Spilmagte slegs 300 ton voorrade per dag ontvang het, terwyl hulle in werklikheid 1 500 ton benodig het. Hy kon dus nie bekostig om in 'n uitgerekte uitputtingsgeveg by El Alamein betrokke te raak en die Britse magte op so 'n wyse uit te mergel nie.[23] Die terrein by El Alamein het dit bowendien vir Rommel onmoontlik gemaak om soos in die verlede die Britse troepe suidwaarts deur die woestyn te omvleuel.[24] In die beperkte maneuvreringsruimte wat hy noord van die Qattara-laagland tot sy beskikking gehad het, het alles daarvan afgehang of hy kon deurbreek voordat die Britse pantser die ander komponente van die Agste Leër kon ondersteun. Wanneer Rommel eers in die oop woestyn tussen El Alamein en die Nyldelta was, sou die Spilmagte se meerderwaardigheid in mobiele oorlogvoering swaar teen die Agste Leër geweeg het.[25]

Die Agste Leër was egter nie so 'n verslane en gedemoraliseerde mag as wat dit op die oog af gelyk het nie. Alhoewel die Britse militêre posisie in Egipte teen 1 Julie 1942 ver van bevredigend was, het sekere faktore in hul guns gewerk. Auchinleck het die nodige aanpassings gemaak, wat die Britse magte wel in staat gestel het om Rommel kort voor sy doelwit te stuit. Hy het besef dat verbeterde tenkafweerkanonne, gekonsentreerde artillerievuur en die gebruik van landmyne, ondersteun deur pantser en lugkrag, reeds voorheen in die woestynoorlog Rommel se opmars gestuit het. In 1941 het dit byvoorbeeld verhinder dat hy Tobroek verower het.[26]

Auchinleck se strategie by El Alamein was om 'n uitputtingsgeveg teen die *Panzerarmee Afrika* te voer tot dit sodanig verswak was en die Britse magte daarteenoor sodanig versterk was dat hy tot 'n teenoffensief kon oorgaan. Om hierdie taktiek te laat slaag het Auchinleck drastiese organisatoriese aanpassings gemaak. Divisiebevelvoerders is verantwoordelik gemaak vir die aanwending van artillerie, wat groter konsentrasie van vuur teweeggebring het as voorheen toe die geskut in klein groepies aan kolonnebevelvoerders uitgedeel is. Verder is alle infanterie wat nie oor transport beskik het nie, na die Nyldelta gestuur. Die Britse magte wat in die El Alamein-linie ontplooi is, was dus redelik mobiel en Rommel sou hulle nie so maklik soos in die verlede in statiese stellings kon vaspen en vernietig nie.[27]

---

18. R.W. Tungay, *The fighting third* (Kaapstad, 1947), p. 238.
19. H. Essame, 'First Alamein', *War Monthly* 22, January 1976, p. 36.
20. P.C. Barucha, *The North African Campaign, 1940-1943,* p. 417.
21. K. Macksey, *Afrika Korps* (Londen, 1974), p. 94.
22. Saamgestel uit S.A.W. Argief, U.W.H. 177, Lêer 22926/1: War Diary Deutsches Afrika Korps, 30 Junie 1942 en E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The Battle that saved Cairo', *Purnell's history of the Second World War* (3/6), 1967, p. 1070.
23. M. van Creveld, *Supplying war* (Londen, 1977), pp. 194-197.
24. S. Bidwell en D. Graham, *Fire-power* (Londen, 1982), p. 239.
25. K. Macksey, *Afrika Korps,* p. 94.
26. B.H. Liddell Hart, *History of the Second World War,* pp. 187-188.
27. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III,* p. 333.



Genl. C.J.E. Auchinleck
Foto: S.A.W. Argief, Pretoria

Verskeie faktore het in Auchinleck se guns getel. Terwyl Rommel nie op versterkings kon staatmaak nie was Britse troepe en uitrusting reeds op pad na Egipte. Auchinleck sou ook, indien nodig, nog magte uit Irak, Persië en Palestina kon onttrek.[28] Verder het die Britse Lugmag vanaf goed ingerigte basisse in die Nyldelta geopereer in teenstelling met die Duitse en Italiaanse Lugmag, wat aangewese was op haastig ingerigte vliegvelde in die woestyn. Trouens, die Britte se beheer van die lugruim bokant El Alamein sou vir Rommel groot probleme skep.[29] Indien Rommel vinnig gespeel het, kon hy nog die knoop deurgehak het. Die 150 tenks waaroor Auchinleck beskik het, was hoofsaaklik ligte tenks wat nie die mas teen Rommel se pantsers sou opkom nie. Die enigste tenk wat in daardie stadium teen Rommel se pantser opgewasse was, was die Amerikaanse Grant medium tenks,[30] maar van hulle was slegs 20 in 'n werkende toestand. Om alles te kroon, het die grootste deel van die Britse pantser eers op 1 Julie by El Alamein aangekom en daardie middag aan die geveg begin deelneem.

Rommel het egter, sonder dat hy dit geweet het, 'n gulde geleentheid om deur te breek deur sy vingers laat glip. Sy tenks was reeds die vorige dag slaggereed, maar omdat hy te min inligting oor die Agste Leër gehad het, het hy na aanleiding van propaganda-uitsendings van die BBC die krag van die Britse verdedigingstellings oorskat. Hy het gevolglik besluit om eers sy magte te hergroepeer en vroegoggend op 1 Julie aan te val. Hy het dus in werklikheid slegs oor daardie oggend beskik om deur die El Alamein-linie te dring voordat die Britse magte pantsersteun kry.[31] Die gevegte op die oggend van 1 Julie sou dus van deurslaggewende belang wees en in hierdie situasie het die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie 'n belangrike rol gespeel.

**Die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie by El Alamein**

Die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie is na die gevegte by Gazala en Mersa Matruh op 25 Junie by El Alamein ontplooi. In ooreenstemming met genl. Auchinleck se strategie is die Derde Brigade in die vesting gehou, maar die Tweede en Eerste Brigade, in genoemde volgorde, is in 'n suidwestelike rigting tot teen die Ruweisat-rif ontplooi. Laasgenoemde twee formasies sou as mobiele komponent dien om die Derde Brigade in die vesting te ondersteun.[32]

Die Suid-Afrikaners se taak was gedug. Na die afgelope maand se gevegte was die Eerste Divisie slegs ongeveer 'n derde van sy normale sterkte. Die Spilmagte se verowering van Tobroek op 21 Junie was 'n harde slag. Van die garnisoen van 33 000 man wat moes oorgee, was 10 722 Suid-Afrikaanse troepe. Feitlik die hele Tweede Suid-Afrikaanse Divisie het in die slag gebly.[33] Die Eerste Divisie is eweneens erg verswak deurdat afdelings en toevoegings, wat vroeër na die Tweede Suid-Afrikaanse Divisie gemaak is, ook by Tobroek in die slag gebly het.[34] Die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie het gevolglik by El Alamein slegs oor ongeveer 3 000 tot 4 000 man beskik. Van hulle is sommiges boonop na die Nyldelta gestuur om aldaar verdedigingswerke op te rig.[35] Die Suid-Afrikaners se veldartillerie was ook nie op volle sterkte nie. Die divisie het 'n hele battery by Tobroek verloor en het gevolglik

---

28. S. Bidwell, *Gunners at war* (Londen, 1970), p. 163.
29. D. Richards en H. St. George Saunders, *Royal Air Force, 1939-1945 II* (Londen, 1954), p. 219.
30. C. Barnett, *The desert generals,* pp. 189-199.
31. B.H. Liddell Hart, *History of the Second World War,* p. 239.
32. S.A.W. Argief, Pretoria: Div. Docs. 68, Lêer 64: Operational Report 1st SA Division, El Alamein Defensive Battle, 29 June - 30 September 1942, p. 2.
33. D.W. Krüger, *The making of a nation. A history of the Union of South Africa 1910-1961* (Pretoria, 1971), p. 210.
34. S.A.W. Argief, Pretoria: Div. Docs. 68, Lêer 64: Operational Report, 1st SA Division El Alamein Defensive Battle, 29 June - 30 September 1942, p. 2.
35. Saamgestel uit S.A.W. Argief, Pretoria: Div. Docs. 88, Lêer 1 Div 81/A2: Strenghts; June - October 1942; H. Essame, 'First Alamein', *War Monthly,* 22, January 1976, p. 36; E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The battle that saved Cairo', *Purnell's History of the Second World War* 7(3/6), 1967, p. 1068.



Veldm. Erwin Rommel
Foto: S.A.W. Argief, Pretoria

oor slegs 60 25-pondergeskut beskik.[36] Die vuurkrag is egter versterk deur die 28, 5.5 dm-geskut van die Britse Sewende Mediumregiment, wat ook in die omgewing van El Alamein ontplooi is.[37]

**Rommel se eerste deurbraakpoging**

Op 1 Julie 1942 het Rommel gepoog om met die Duitse 90ste Ligte Divisie tussen die El Alamein-vesting en die Ruweisat-rif deur te breek en in 'n noordoostelike rigting na die kus op te ruk ten einde die vesting af te sny. Terselfdertyd moes die Duitse Afrika Korps (bestaande uit die 15de en 21ste Pantserdivisie) suid van die 90ste Ligte Divisie deurbreek en oos van die Britse 13de Korps inbeweeg. Die res van sy magte het aanvalle geloods om die Agste Leër vas te pen. Rommel het gehoop om so 'n gat in die linie te ruk en daarna die Britse formasies stuksgewys te verslaan. Alles sou egter daarvan afhang of die 90ste Ligte Divisie kon deurbreek. Indien sy magte die El Alamein-vesting kon verower, sou hulle die El Alamein-linie van noord na suid kon oprol. Dit sou die Britte geen ander keuse gelaat het nie as om na die Nyldelta terug te val.[38]

Die 90ste Ligte Divisie se opmars het aanvanklik goed verloop. Swak lig en 'n sandstorm wat die sig beperk het, het die Duitse troepe tot naby die Suid-Afrikaners se stellings laat beweeg voordat hulle mekaar gewaar het. In die daaropvolgende geveg het die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie herhaalde aanvalle van die Duitse 90ste Ligte Divisie afgeslaan. Daardeur is Rommel verhinder om die El Alamein-vesting te omvleuel en van die res van die Agste Leër af te sny.[39]


Verskeie faktore het in die Suid-Afrikaners se guns gewerk. Die sandstorm het veroorsaak dat die 90ste Ligte Divisie sy koers byster geraak het en hom in die stellings van die Derde Suid-Afrikaanse Brigade in die El Alamein-vesting vasgeloop het. Die Duitsers moes gevolglik eers weswaarts onttrek om, soos beplan, suid van die vesting verby te beweeg. Hierdeur is kosbare tyd verloor. Toe die sandstorm daarna opklaar, was die Duitsers maklike teikens in die oop woestyn. Die Suid-Afrikaanse artillerie, mortiere en masjiengewere was so effektief dat die Duitsers nie naby hulle stellings kon kom nie.[40] Gevolglik het geen Suid-Afrikaner op 1 Julie gesneuwel nie.[41]

Die Suid-Afrikaners se taak is aansienlik vergemaklik deurdat die Afrika Korps hom onverwags in die 18de Indiese Brigade by Deir el Shein vasgeloop het. Hoewel Rommel se magte die 18de Brigade vernietig het, is sy sterkste mag die heeldag besig gehou en genoeg verliese toegedien om sy pantservermoë verder te verswak. Die Afrika Korps het byvoorbeeld teen die einde van die dag slegs 37 diensbare tenks oorgehad.[42] Gevolglik kon hierdie Duitse mag nie op 1 Julie die Suid-Afrikaners aandurf nie.

Teen die middag van 1 Julie was die Britse Eerste Pantserdivisie op die oostelike rant van die Ruweisat-rif ontplooi en was Rommel se kanse om deur te breek nog skraler. Die Britte was egter te laat om enigiets aan die lot van die Indiërs by Deir el Shein te verander.[43] Hierdie gebeure sou later 'n nadraai hê. Die Britse bevelvoerders se onverskilligheid teenoor lewensverliese het die Suid-Afrikaners reeds sedert die veldtog in Oos-Afrika gegrief en die lot van die Indiërs by Deir el Shein het hierdie gevoel versterk.[44] Die Indiërs is byvoorbeeld buite effektiewe aanwendingsafstand

---

36. E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The battle that saved Cairo', *Purnell's History of the Second World War* 7(3/6), 1967, p. 1068.
37. S. Bidwell en D. Graham, *Fire-Power*, p. 239.
38. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 403 Lêer 34374/3: Report, Panzerarmee Africa - Commander Southern Front 1st July 1942.
39. E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The battle that saved Cairo', *Purnell's History of the Second World War* 7(3/6), 1967, p. 1070.
40. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 358, Lêer A7/ME 52: Oorlogsdagboek 3 SA Bde. HK., 1 Julie 1942.
41. S.A.W. Argief, Pretoria: Div. Docs. 105, Lêer 1 SAD/A2/2: Battle Casualties, June - July 1942.
42. Saamgestel uit S.A.W. Argief, Pretoria: U.W.H. 3224 U.W.H. Draft Narratives: Radio Message 21st Panzer Division - Deutsches Afrika Korps, 05h40, 2nd July 1942, en I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III*, p. 341.
43. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III*, pp. 339-341.
44. E.P. Hartshorne, *Avenge Tobruk* (Kaapstad, 1960), pp. 157-158.




Uit: J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *Crisis in the Desert,* p. 286

van die res van die Agste Leër se artillerie ontplooi.[45] Terselfdertyd is 'n hulpaanbod van die Suid-Afrikaners om 'n ammunisieprobleem wat met hulle aankoms by El Alamein ontstaan het, op te los deur die hoofkwartier van die Agste Leër van die hand gewys.[46] Gedurende die geveg is ook feitlik geen poging aangewend om die gedoemde Indiese brigade te hulp te snel nie. Hierdie gesindheid van die Britse bevelvoerders sou later lei tot hewige botsings met die bevelvoerder van die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie, genl.-maj. D.H. (Dan) Pienaar.

Die politieke situasie in die Unie het die Suid-Afrikaanse bevelvoerders in 'n netelige situasie geplaas. Die val van Tobroek en die Agste Leër se terugtog na El Alamein het die opponente van die Smuts-regering wat teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog was, laat moed skep. Op die oog af het dit gelyk asof 'n Duitse oorwinning op hande was en die hoop het onder sommiges bestaan dat die Britse Ryk in die proses sou verbrokkel.[47] Enige herhaling van die Tobroek-debakel sou dus in dié omstandighede noodwendig vir die Suid-Afrikaanse regering 'n verleentheid wees. Dít en die hoë premie wat Pienaar altyd op die welsyn van sy troepe geplaas het, verklaar waarom hy vorentoe met die Britse bevelvoerders gebots het, wanneer hy gevoel het dat die Suid-Afrikaners aan onnodige risiko's blootgestel was.

Teen die aand van 1 Julie het die Spilmagte egter nie verder oos as Deir el Shein gevorder nie en was die Agste Leër in beheer van die situasie.[48] Die Suid-Afrikaners het dus 'n belangrike komponent van Rommel se plan omvergewerp. Die behoud van die El Alamein-vesting het beteken dat die El Alamein-linie staande gebly het in die kritieke stadium op 1 Julie toe die Agste Leër se pantser nog van Mersa Matruh af op pad was. Die El Alamein-vesting was 'n voortdurende doring in Rommel se vlees. Vanuit die vesting sou Suid-Afrikaanse artillerievuur en strooptogte tot die einde van Julie 1942 met die Spilmagte se operasies inmeng.[49]

**Rommel se Tweede Aanslag, 2-3 Julie 1942**

Die gevaar was egter nog nie verby nie. Rommel het op 2 en 3 Julie herhaaldelik gepoog om met die Afrika Korps en die 90ste Ligte Divisie op die Ruweisat-rif deur te breek. Die hoofgeveg het tussen die Duitse magte en die Eerste Britse Pantserdivisie op die rif plaasgevind, maar die Eerste Suid-Afrikaanse Brigade was ook betrokke deurdat die linkerflank van die Duitse magte met hulle gebots het.

Op 2 Julie het die Eerste Suid-Afrikaanse Brigade behoorlik deurgeloop. Drie offisiere en 14 onderoffisiere en manskappe is gewond, insluitende die brigadebevelvoerder, brig. J.P.A. Furstenburg.[50] Verder is die Sewende Veldregiment se kanonne sodanig beskadig dat hulle teen die einde van die dag nie meer aan die geveg kon deelneem nie.[51] Die behoud van hierdie stellings op 2 Julie was van besondere betekenis. Dit het die Spilmagte verhoed om die El Alamein-vesting te omvleuel en vanuit 'n oostelike rigting aan te val, waar die Derde Suid-Afrikaanse Brigade se stellings swak ontwikkel was.


Pienaar was egter bekommerd oor die Suid-Afrikaners se posisie, omdat hy nie wou toesien dat dieselfde lot hulle tref as die van die Indiërs by Deir el Shein die vorige dag nie. In teenstelling met die Eerste Brigade was die Derde Brigade in die El Alamein-vesting en die Tweede Brigade nie in die brandpunt van gebeure nie. In die El Alamein-vesting het die Derde Brigade in hierdie tyd slegs met flouerige Italiaanse vaspenaanvalle te doen gehad, terwyl die Tweede Brigade glad nie by gevegte betrokke was nie. Dié twee brigades se artillerie het wel bestokingstake uitgevoer. Indien die Eerste Brigade se stellings in duie sou stort, sou hierdie twee brigades se posisies onhoudbaar word, omdat die vyand hulle vanuit die suide sou kon omvleuel.

---

45. C.L. de W. du Toit, 'Herinneringe III', *Militaria 10/4, 1980, p. 5.*
46. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 343, Lêer C28/33: Oorlogsdagboek 1 SA Div. Admin. HK., 1 Julie 1942.
47. D.W. Krüger, *The making of a nation,* p. 211.
48. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III,* p. 341.
49. J.A.I. Agar-Hamilton en L.C.F. Turner, *Crisis in the Desert,* p. 271.
50. S.A.W. Argief, Pretoria: Div. Docs. 105, Lêer ISAD/A2/2: Battle Casualties, 2 July 1942.
51. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 403, Lêer A15/ME 63: Oorlogsdagboek 1 Veldregiment SA Artillerie, 2 Julie 1942.



Genl.-maj. D.H. Pienaar, bevelvoerder 1 SA Divisie, Julie 1942
Foto: S.A.W. Argief, Pretoria




Uit: P. Youg (red.), *Atlas of the Second World War*, p. 47

Dit was teen die middag van 2 Julie duidelik dat die Eerste Brigade se posisie haas onverdedigbaar geword het. Sonder genoeg artillerie sou die Brigade kwalik nog 'n dag kon uithou. Die beloofde Britse kolonne wat die Eerste Brigade sou ondersteun, het glad nie opgedaag nie. Die Duitse magte se artillerievuur was besonder effektief en die moontlikheid het bestaan dat die tenks van die Afrika Korps noordoos kon swaai en die Suid-Afrikaners, wat nie genoeg tenkafweerwapens gehad het nie, kon oorrompel. Terselfdertyd is die reeds kwesbare Brigade se suidelike flank ontbloot want die Eerste Britse Pantserdivisie wat dit moes beveilig, het 'n omvleuelingsbeweging teenoor die Afrika Korps probeer uitvoer. Dit het meegebring dat 'n gaping tussen hulle en die Eerste Suid-Afrikaanse Brigade ontstaan het.[52]

Pienaar het besluit dat die enigste uitweg was om die Eerste Brigade na veiliger stellings te verskuif. Dit het tot 'n hewige woordewisseling met die korpsbevelvoerder van die 30ste Korps, lt.-genl. C.W.M. Norrie, gelei. Na vele argumente gedurende die nag van 2/3 Julie, waarby Auchinleck uiteindelik ook betrek is, het Pienaar sy sin gekry en is die brigade verskuif.[53] Dat Pienaar korrek opgetree het deur daarop aan te dring dat die Eerste Brigade na 'n beter posisie moet verskuif, is gewis. In die Suid-Afrikaners se plek het 'n kolonne van die Britse 50ste Divisie, die *Ackol,* stelling ingeneem.[54] Dié Britse kolonne moes op 3 Julie vinnig die aftog teen die Duitse aanslag blaas, wat bewys het dat Pienaar die situasie reg opgesom het.[55] Pienaar het op 'n stadium gewonder of hy nie 'n onnodige bohaai opgeskop het oor die kwesbaarheid van die Eerste Brigade se stellings nie. Indien die Britse kolonne die stellings kon behou, sou hy na 'n gek gelyk het. Een van Pienaar se offisiere, kol. E.P. Hartshorne, het sy bevelvoerder se verligting soos volg beskryf: "His answer came, certainly and devastatingly the moment the British column halted. The whole desert erupted in a bloody heap and engulfed the Hot Box. The survivors broke and ran. 'Man', Dan told me it was terrible. To see the whole bloody column, trucks, guns, ambulances staff cars driving in as if they were on the parade ground. Then Jerry let them have it. I knew then that I had done the right thing!'"[56]

**Rommel op die verdediging**

Rommel se verliese het hom gedwing om op 4 Julie meer Italiaanse troepe op die front te ontplooi, sodat die Duitse magte kon rus en voorberei vir sy volgende beplande aanval. Auchinleck wat besef het dat die Italiaanse magte nie van dieselfde gehalte as die Duitsers was nie, het sy aanvalle voortaan op die Italianers toegespits om só die Spilmagte se linie te laat verbrokkel. Van 4 tot 7 Julie het die Suid-Afrikaners die belangrike taak gehad om deur middel van patrollies krygsgevangenes te neem om sodoende te bepaal waar die Italiaanse magte ontplooi was.[57]

Genl. Auchinleck se beperkte teenaanvalle tussen 4 en 7 Julie het die Spilmagte verder verswak, maar nie verslaan nie. Gevolglik het hy die Negende Australiese Divisie vanaf die Nyldelta ontbied om wes van El Alamein die lae heuwel Tell el Eisa te verower. Hiervandaan sou Rommel se kommunikasielyne teen die kus bedreig kon word. Rommel het terselfdertyd beplan om by Bab el Qattara deur te breek. Auchinleck se aanval het egter eerste begin en van 10 tot 12 Julie moes Rommel alles in die stryd werp om te verhoed dat die Australiërs teen die kus deurbreek, sy hoofkwartier oorrompel en sy kommunikasielyne afsny.[58]

Terwyl die Suid-Afrikaanse Artillerie vuursteun gelewer het, het die Australiërs vanuit die El Alamein-vesting Tell el Eisa aangeval en verower. Die Spilmagte het dadelik gereageer met hewige teenaanvalle op die heuwel. Om die druk op die Aussies te verlig, moes die Tweede Suid-Afrikaanse Brigade toe op 10 Julie Tell el

52. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME 37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 2 Julie 1942.
53. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III,* p. 343.
54. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 358, Lêer A6/ME49: Oorlogsdagboek I SA Bde. HK., 3 Julie 1942.
55. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 358, Lêer A6/ME49: Oorlogsdagboek I SA Bde. HK., 3 Julie 1942.
56. E.P. Hartshorne, *Avenge Tobruk,* p. 158.
57. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 2 Julie 1942.
58. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III,* pp. 338-339.

Makh, die suidoostelike uitloper van die Tell el Eisa, aanval.[59] Die Suid-Afrikaners se aanval het volgens plan verloop, waardeur die Australiërs se suidelike flank beskerm en hulle aanval vergemaklik is.

'n Suid-Afrikaanse aanval op 11 Julie was egter uit die staanspoor tot misluking gedoem en wel om die volgende rede. Op 5 Julie het lt.-genl. W.H.C. Ramsden vir Norrie as korpsbevelvoerder vervang en is die Suid-Afrikaanse divisie met die Britse 79ste Tenkafweerregiment versterk.[60] Hierdie nuwe aanstelling het niks goeds voorspel vir verhoudinge met die korpshoofkwartier nie, want Pienaar en Ramsden het reeds in Mei by Gazala swaarde gekruis oor die wyse waarop Ramsden sy troepe aangewend het. Die Britse aanvoerder is veral gewantrou omdat hy geneig was om sy troepe blindelings, met gevolglik hoë lewensverlies, teen die vyand in te werp. Dit het hom die onvleiende bynaam van "Chuck-em-in-Ramsden" onder die Suid-Afrikaners besorg.[61]

Op Ramsden se aandrang is 'n strooptogmag van hoofsaaklik Suid-Afrikaanse troepe, ondersteun deur 17 Britse tenks, onder bevel van die bevelvoerder van die Tweede Suid-Afrikaanse Brigade, brig. Matie du Toit, saamgestel. Die kolonne het vanuit die El Alamein-vesting in 'n suidwestelike rigting opgeruk om die vyand van die westelike deel van die Miteiriya-rif af te verdryf en 'n basis daar in te rig, van waar strooptogte in 'n suidelike rigting uitgevoer sou kon word. Ramsden het gehoop om hierdeur van die vyandelike magte te bind en sodoende die aanslag op die Australiërs by Tell el Eisa te verswak.


Ramsden se taktlose skimpe dat die Suid-Afrikaners nie hulle kant gebring het nie, het waarskynlik meegebring dat Pienaar teen sy beterwete tot die operasie ingestem het. Die Suid-Afrikaners het nie genoeg tyd gekry om voor te berei nie en alhoewel die aanvangstyd vir die operasie later uitgestel is, was daar nog nie genoeg tyd om deeglike skakeling tussen die verskillende komponente te bewerkstellig nie. Verder moes daar oor onbekende terrein beweeg word. Die Britse tenks se onbeholpe optrede het in elk geval verseker dat die operasie reeds in die beginstadium gedoem was. Die Britse tenks het begin beweeg voordat Du Toit die bevel gegee het. Hy was nog op pad om met hulle te skakel toe hulle begin beweeg het, onbewus daarvan dat die aanval uitgestel is. Een kilometer buite die vesting het hulle hulle in 'n mynveld vasgeloop. Drie Britse tenks is dadelik raakgeskiet terwyl hulle in die mynveld vasgepen is en verskeie ander het meganiese probleme ondervind. Die Eerste Suid-Afrikaanse Veldregiment wat die taakmag moes ondersteun, het ook te gou begin skiet en toe hulle vuursteun eintlik nodig was, was hulle ammunisie op. Eers toé het Ramsden besef dat sy plan misluk het en het hy die taakmag onttrek. Behalwe die skade aan die Britse tenks, is geen ander verliese gely nie.[62]

**Rommel se aanslag teen die El Alamein-vesting op 13 Julie 1942**

Op 13 Julie het die Suid-Afrikaners skielik weer in die brandpunt van die Duitse aanslag gestaan. Rommel het 'n desperate poging aangewend om die Australiërs by Tell el Eisa van die res van die Agste Leër af te sny en die El Alamein-vesting met die Duitse 21ste Pantserdivisie, ondersteun deur die Tweede Pantser Grenadierregiment 104, aangeval. In dié vesting het die Royal Durban Light Infantry met onvoldoende tenkafweerwapens herhaalde aanslae van die Duitsers afgeweer. Hulle taak is veral bemoeilik omdat die Duitse artillerie die Suid-Afrikaners se telefoonkabels op verskeie plekke afgeskiet het en dit onder die hewige bombardement herstel moes word. Dit het vuurleiding aan die Suid-Afrikaanse artillerie bemoeilik.[63] Desnieteenstaande het die Suid-Afrikaners op hulle eie aanslag op aanslag afgeweer. Hulp van ander Britse formasies was egter om 16:10 nodig toe

---

59. I.S.O. Playfair, *et al, The Mediterranean and Middle East III,* pp. 345-346.
60. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 5 Julie 1942.
61. E.P. Hartshorne, *Avenge Tobruk,* p. 162.
62. C.L. de W. du Toit, 'Herinneringe III', *Militaria* 10/4, 1980, pp. 8-9.
63. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME 37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 13 Julie 1942.




Saamgestel uit U.W.H. 378, Map no. 5: Northern Sector, situation 13th July 1942

Duitse tenks, ondersteun deur duikbomwerpers, tot 300 meter van die Suid-Afrikaanse stellings af gevorder het. Die Negende Australiese Divisie se veldartillerie en die Britse Sewende Medium Artillerie-regiment in die El Alamein-vesting moes inderhaas kom help om die Duitse aanval af te weer.[64] Teen laaste lig is ook die Britse 79ste Tenkafweerregiment in die westelike deel van die vesting ontplooi, maar op daardie stadium het Rommel reeds die aftog geblaas.[65]

Die Suid-Afrikaanse verliese op 13 Julie was nege gesneuweldes en 42 gewondes.[66] Alhoewel hulle verliese nie buitensporig hoog was nie, was hulle heldhaftige optrede op 13 Julie van besondere betekenis. Die verlies van die El Alamein-vesting sou in daardie stadium verreikende gevolge vir die Agste Leër ingehou het. 'n Deurbraak in die Agste Leër se verdedigingslinie sou 'n terugtog na die Nyldelta genoodsaak het. Daardeur sou die 24ste Australiese Brigade van die res van die Britse magte afgesny gewees het, wat die Spilmagte 'n redelike kans sou gebied het om hulle te verslaan. Auchinleck sou dan ook sonder hierdie brigade die Nyldelta moes verdedig.

### Auchinleck besluit om *Panzerarmee Afrika* te vernietig


Auchinleck het teen 14 Julie besluit om sy strategie te wysig. Die aankoms van versterkings uit Brittanje en die Britse Oorlogskabinet se versekering op 12 Julie dat dit nog lank sou duur voordat die Duitse magte in Rusland moontlik die Midde-Ooste via Kaukasië sou kon bereik, het hom laat besluit om die Agste Leër met troepe uit Irak en Persië te versterk en 'n meer aggressiewe strategie te volg. Voor die einde van die maand is drie pogings aangewend om deur die Spilmagte se linies te breek en hulle te vernietig of terug te dryf. Rommel het egter gedurende die tweede helfte van Julie getoon dat hy nie net 'n goeie aanvaller was nie, maar ook in die verdediging uitgeblink het. Die Duitse defensiewe taktiek het elke poging van Auchinleck gedwarsboom. Alhoewel Auchinleck nie die Spilmagte kon verslaan nie het die Britte heelwat lesse geleer oor Rommel se defensiewe metodes. Dit was veral sy gebruik van ekstensiewe mynvelde, gedek deur infanterie en klein, mobiele pantserformasies, wat die Agste Leër hoofbrekens besorg het. Gegrond op hierdie ervaring kon Montgomery later teenvoeters hierteen vind.[67]

Die Agste Leër was op 13 Julie 1942 nog nie gereed om grootskaalse aanvalle suksesvol uit te voer nie. Daarvoor was die samewerking tussen die verskillende dienswapens, veral tussen die infanterie en pantser, nog te swak. Verder was die Britse bevelvoerders te onbuigsaam om op kritieke oomblikke aanpassings te maak, sodat Rommel se magte van elke terugslag kon herstel en hulle posisies behou het. Die Britse bevelvoerders het voor El Alamein die fout gemaak om op 'n roekelose wyse hulle tenks, sonder steun van die artillerie en die infanterie, teen die Duitsers in te stoot wat hulle die maklike prooi van die kranige Duitse tenkafweerkanonniers gemaak het. Gedurende Julie 1942 was hulle egter weer oorversigtig om onmiddellik hulle tenks te gebruik wanneer daar 'n swakplek in die Spilmagte se linie ontstaan het.

Alhoewel die El Alamein-vesting steeds 'n belangrike komponent van die Britse verdedigingslinie gevorm het, het die operasies vanaf 14 tot 23 Julie hoofsaaklik in die omgewing van die Ruweisat-rif plaasgevind.[68] Tydens hierdie aanvalle het die Suid-Afrikaners in 'n ondersteunende rol opgetree. Die artillerie het deurgaans aan die Australiërs ten noordweste en die Indiërs ten suide van die Suid-Afrikaanse stellings vuursteun gelewer. Strooptogte is teen die vyandelike linies uitgevoer terwyl 'n taakmag onder bevel van lt.-kol. C. Cochran van Regiment Botha die Vyfde

---

64. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME 37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 13 Julie 1942.
65. R.W. Tungay, *The fighting third*, pp. 252-253.
66. Saamgestel uit: S.A.W. Argief, Pretoria: *Ererol Wêreldoorlog II, 1939-1945* en Div. Docs. 105, Lêer ISAD/A2/2: Battle Casualties 13 July 1942.
67. E. Dorman O'Gowan, '1st Alamein - The battle that saved Cairo', *Purnell's history of the Second World War* 7(3/6), 1967, pp. 1072-1075.
68. I.S.O. Playfair, *et al*, *The Mediterranean and Middle East III*, pp. 347-357.




Saamgestel uit S.A.W. Argief, W.D. 347, Lêer A3/ME 37:
Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., 25-27 Julie 1942

Indiese Brigade se noordelike flank tot 28 Julie beskerm het.[69]

Een van die operasies waarby die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie direk betrokke was, was Operasie "Manhood" wat gedurende die nag van 26/27 Julie plaasgevind het.[70] Die Suid-Afrikaners moes 'n bres slaan in die eerste van twee vyandelike mynvelde tussen die Miteiriya- en Ruweisat-rif. Daarna moes die Britse 69ste Infanteriebrigade deur die opening beweeg en 'n gaping in die tweede mynveld maak, waardeur die Britse pantser deur die Spilmagte se linies kon breek.[71] "Manhood" was egter 'n volslae mislukking. Die Britse pantser kon nie betyds deur die gapings in die mynvelde beweeg nie en toe hulle dit wel gedoen het, was die element van verrassing verlore en het die Duitse tenkafweerkanonne hulle teruggedryf. Dit het die 69ste Brigade sonder enige steun gelaat en gevolglik is hulle vernietig.[72]

Van Britse kant was daar beskuldigings dat die Suid-Afrikaners verantwoordelik was dat die operasie misluk het, omdat hulle nie volgens beplanning die bres in die eerste mynveld een minuut na middernag op 27 Julie voltooi het nie.[73] Dit is wel waar dat die Suid-Afrikaners nie op daardie tydstip die landmyne oor die volle voorgeskrewe afstand van 600 meter gelig het nie. Dit was egter onrealisties om tydens so 'n moeilike en gevaarlike nagtelike operasie te verwag dat voorskrifte tot op die letter nagekom moet word.[74] Daar was teen 01:30 wel twéé gapings van 15 meter en 30 meter onderskeidelik, wat groot genoeg was vir die Britse infanterie om deur te beweeg. Die probleem was eerder die koppigheid van die Britse offisiere, wat nie die Suid-Afrikaanse gidse wou glo ten opsigte van die ligging van die suidelike gaping nie. Hulle het gevolglik 'n deel van hulle mag deur 'n onveilige deel van die mynveld laat beweeg en in die proses baie tyd verloor.[75]

Die volgende probleem was dat die Britse pantser nie opdrag gekry het om op 'n spesifieke tyd deur die gapings in die mynvelde te beweeg nie, maar dit volgens die diskresie van hulle bevelvoerder moes doen. Generaal Pienaar wat besef het wat op die spel was, het by Ramsden-hulle aangedring dat die tenks moet beweeg, maar die Britse offisiere het tyd verkwis omdat hulle nie Pienaar se woord wou aanvaar nie en eers self die gapings in die mynveld wou inspekteer. Die gevolg was dat die Britse tenks, in stede van vóór eerste lig deur die gapings te beweeg, helder oordag (om 11:00) reg in die vuur van die wagtende Duitse tenkafweerkanonne ingery het.[76]

Die vernietiging van die Britse 69ste Brigade moet ook voor die deur van die Britse generaals gelê word. Afgesien van die tyd wat hulle verkwis het by die mynveld, het hulle beplanning veel te wense oorgelaat. Ramsden het die Britse infanterie in 'n onbekende gebied ingestuur sonder om eers die moeite te doen om die lugfoto's van die terrein, wat in sy besit was, te bestudeer.[77] Sy grootste flater was egter dat die brigade buite effektiewe aanwendingsafstand van die Britse medium-artillerie in die El Alamein-vesting was,[78] sodat hulle slegs op hulle eie veldartillerie aangewese was. Aangesien sowel die Suid-Afrikaners as die Australiërs hulle veldartillerie self tydens die operasie benodig het, het dit beteken dat die Britse infanterie te min ondersteuningsvuur gehad het.

Genl.-maj. Pienaar kan miskien gekritiseer word omdat hy nie aan Ramsden se versoek dat die Suid-Afrikaners in albei mynvelde bresse moet slaan, gehoor wou gee nie. Dit sou die kommunikasieprobleem tydens die beweging deur die eerste ga-

---

69. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK, 12-24 Julie 1942.
70. Kyk kaart op p. 51.
71. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME37: Oorlogsdagboek 1 SA Div. HK., Appendix, 30th Corps Operational Order no. 68 of 26th July 1942, pp. 1-2.
72. J. Connell, *Auchinleck: a biography of Field-Marshal Sir Claude Auchinleck* (Londen, 1959), p. 682.
73. I.S.O. Playfair, *et. al, The Mediterranean and Middle East III*, p. 358.
74. C.E.E. Sloan, *Mine warfare on land* (Londen, 1986), p. 15.
75. S.A.W. Argief, Pretoria: W.D. 347, Lêer A3/ME37: Oorlogsdagboek I SA Div. HK., Appendix C, Report, 3rd Engineer Field Company, p. 1.
76. S.A.W. Argief, Pretoria: U.W.H. Narratives and Reports, Middle East Vol. II 1st SA Division, Tobruk to El Alamein, p. 1 (Interview with Col H.F.C. Cilliers on 26 April 1949).
77. C.L. de W. du Toit, 'Herinneringe III', *Militaria* 10/4, 1980, p. 10.
78. C. Foss, *Artillery of the World* (Londen, 1974), p. 33; kaart op p. 35.

ping uitgeskakel het, terwyl die Suid-Afrikaanse artillerie makliker steun in die gebied van die tweede vyandelike mynveld kon verleen het. Pienaar se wantroue in Ramsden het hom egter hierteen laat besluit. Op die keper beskou, was dit die beste besluit, omdat die Suid-Afrikaanse verliese heelwat hoër sou gewees het. Pienaar kon wel eerder die taakmag wat die gaping moes maak uit net één brigade getrek het. Die gebruik van twee taakmagte, wat van twee verskillende punte af na mekaar toe vir myne moes soek, het meegebring dat in plaas van een groot gaping, twee kleineres ontstaan het.[79] Alles in ag geneem, is dit egter te betwyfel of dit 'n groot verskil aan die uitkoms sou gemaak het. Die Britse generaals kan grotendeels geblameer word vir die misluking van Operasie "Manhood".

**Slot**

Teen 28 Julie het genl. Auchinleck besluit om af te sien van sy pogings om *Panzerarmee Afrika* te vernietig. Die Britse magte het reeds hoë verliese gely en die Spilmagte se krag was aan die opbou.[80] Terselfdertyd was die tempo waarteen versterkings in die Midde-Ooste aangekom het, so stadig dat 'n Britse offensief voor die middel van September 1942 buite die kwessie was. Gevolglik is instruksies aan die korpsbevelvoerders uitgereik om vir die verdediging voor te berei. Daarmee was die Eerste Slag van El Alamein afgehandel.[81]

Van die Agste Leër is 12 700 offisiere en manskappe gedurende Julie 1942 gedood, gewond of vermis.[82] Die totale Suid-Afrikaanse verliese van 26 Junie tot 30 Julie 1942 was 433 offisiere en manskappe waarvan 164 dood, 253 gewond, agt krygsgevangene geneem is en agt behandeling vir bomskok ontvang het.[83] Die Suid-Afrikaanse verliese was dus relatief klein. Die redes hiervoor was enersyds omdat die volle aanslag van die Duitse tenks slegs op 13 Julie spesifiek teen hulle gemik was en andersyds omdat Pienaar vasbeslote was dat hy nie 'n herhaling van Tobroek of Deir el Shein sou hê nie. Verder het die gekonsentreerde aanwending van artillerie die Britse magte se vuurkrag in die verdediging verhoog.

Wrywing tussen die Suid-Afrikaanse en Britse offisiere was om verskeie redes eintlik onvermydelik. Hoewel die Suid-Afrikaners se verliese relatief klein was, was hulle bevelvoerders uiters sensitief vir verliese. Bewus daarvan dat hulle uit 'n klein bevolking afkomstig was wat op sigself skerp verdeel was oor die land se deelname aan die oorlog, het hulle deurgaans hulle troepe se welsyn vooropgestel. Hulle was nie bereid om sonder meer in ondeurdagte gevegsituasies betrokke te raak waar hoë lewensverlies onvermydelik sou wees nie. Bowendien was die oorgawe by Tobroek 'n pynlike ervaring wat nie herhaal moes word nie. Hiervoor het die Britse bevelvoerders nie altyd begrip gehad nie.

Hoewel die Eerste Suid-Afrikaanse Divisie tydens die Eerste Slag van El Alamein 'n belangrike rol gespeel het, moet hulle aandeel in perspektief gesien word. Dié divisie se bydrae op 1 Julie tot die Britse verdediging was van die allergrootste belang. Hulle verliese sou egter aansienlik swaarder gewees het indien die 18de Indiese Brigade by Deir el Shein nie so heldhaftig geveg het nie. Die Indiërs was die spreekwoordelike soenoffer waarmee die Duitse Afrika Korps gestuit is.

Die belangrikheid van die Suid-Afrikaners se bydrae is daarin geleë dat dit deel van 'n spanpoging was. Sonder die hulp van die Britse pantser op die Ruweisat-rif en die Britse en Australiese artillerie sou die Suid-Afrikaners waarskynlik nie op 13 Julie alleen die El Alamein-vesting kon behou het nie. Hulle bydrae het nietemin gehelp dat Rommel gestuit is en Alexandrië, die Suez-kanaal en die olievelde aan die

---

79. S.A.W. Argief, Pretoria: U.W.H. Narratives and Reports, Middle East Vol. II 1st SA Division, Tobruk to El Alamein, p. 1 (Interview with Col H.F.C. Cilliers on 26 April 1949).
80. B.H. Liddell Hart, *History of the Second World War*, p. 300.
81. I.S.O. Playfair, *et al*, *The Mediterranean and Middle East III*, p. 359.
82. *London Gazette*, 15-1-1948, Supplement, p. 330 (Gen. Sir Claude J.E. Auchinleck: Despatch to the Secretary of State for War on 27th January 1943).
83. Saamgestel uit: S.A.W. Argief, Pretoria: *Ererol Wêreldoorlog II, 1939-1945* en Div. Docs. 105, Lêer ISAD/A2/2: Battle Casualties 1-30 July 1942.